

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 199

(September 1985)

Jesus het verskyn

* * * * *

"Die Here het waarlik opgestaan . . ."

(Lukas 24:34)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Jesus verskyn aan 'n vrou

(Joh. 20: 11-18)

Jesus het aan Maria Magdalena verskyn.

Sou dit nie ook vir u wonderlik wees as die Here aan u verskyn het nie? Dit is al eeue wat die mens op aarde daardie diepe begeerte het om God te kan sien. So sing die Psalmidigter in Psalm 42:1 soos berymd:

"Wanneer sal ek God weer sien in klare aanskouing?" Sou dit nie ook soos 'n anker vir u voel nie?

- **Sekerheid**
- **Vastigheid**
- **Sekuriteit.**

JUIS IN DIE VERWARRENDE en ONSEKERE TYD WAARIN ONS VANDAG LEEF.

Maria Magdalena was die vrou uit wie die Here die duiwels uitgedryf het. (Mark. 16:9) Die harde mens in sy sonde het seker in die lewe van elke dag gespot en dalk gepraat van mal Maria van Magdala.

Feit is dat sy was 'n vrou met 'n stigma . . .

'n Etiket.

Daarom was sy so 'n getroue volgeling van die Here Jesus. Sy was dankbaar teenoor Hom. Jesus het haar nooit verstoot nie. Hy het nooit iemand verstoot nie. Jesus het dan juis kom bymekaar maak.

Hy het die mensheid kom **VERLOS van die sonde en die duiwel.**

Wat 'n voorreg om te weet as ons verstoot en verag is deur die mense neem God my aan!

. . . Mense met 'n etiket is mense wat klaar deur die mense beoordeel is, maar deur *God aangeneem is!*

Maar wat 'n genade is die feit dat Jesus aan dié vrou verskyn. Dié vrou — Eva — was die eerste wat by die sondeval deur die duiwel beset is. Maar die Maria Magdalena is deur Jesus verlos. Daarom so 'n getroue dankbare volgeling. En dan skielik word Jesus doodgemaak aan die kruis . . .

- en dan is daar niks meer vir haar oor nie
- 'n verstote mens
- 'n eensame mens.

En die feit dat Jesus eerste aan 'n vrou verskyn het nadat Hy opgestaan het uit die dood, neem alle beskuldiging en beoordeling van die vrou weg.

VOLKOME VERLOS MET GOD VERSOEN

Maar as Jesus vir haar sê: "Maria", dan herken sy Hom dadelik (Joh. 20:16). Dan gaan sy aan die voete van haar Leermeester.

- Jesus lewe
- Hy is weer by my.

"Moet My nie vashou nie" . . . (Joh. 20:17)

In die lewe mag ons Hom nie vashou nie. Hy wil ons oorwinning beseël. Hy wil eers na Sy Vader en ons Vader gaan. Ons moet na ons Vader toe.

Die doel is nie op aarde 'n verskyning van God aan ons nie . . .

MAAR dat ons voor God ons Vader sal verskyn. Dit is waarvoor ons gebore is — ons hoogtepunt en bestemming.

Nie die lewe met al sy aakligheid is ons doel nie, **maar om hieruit verlos te word** en voor God as volmaakte kind te verskyn.

Ds. Andries H, Mulder

"En Hy het aan Cefas (Petrus) verskyn"

1 Kor. 15:5

"Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn." (Luk. 24:34).

Simon Petrus die seun van Jona is na die kruisiging van die Here Jesus 'n verwarde mens. Simon beteken horende. En horende is hy beslis, aan die eenkant hoor hy die hemelse klanke as hy die Here Jesus bely en aan die anderkant hoor hy die klanke van die verderf, wanneer hy Jesus verloën.

Die nag voor die kruisiging verloën hy die Here Jesus drie maal, en dan nog agter opeenvolgens. In Luk. 22 lees ons dat toe Petrus die Here Jesus verloën het, het die haan gekraai. — Vers 61 en 62.

"En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.

En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween."

Die wroeging moes in Petrus gebrand het. Hy het die Here Jesus verloën.

- Daardie gevoel van absolute mislukking.
- Die seer en smart.
- Die pyn van selfverwyd.
- Iets het gebreek, en wat nou.

Petrus sou seker om verskoning wou vra, hy sou seker sy sonde wou bely, hy sou seker wou verduidelik. Maar hy kan nie.

Jesus word gekruisig, en hy kan nie naby Hom kom nie.

Jesus sterf, en word begrawe

Wat nou?

En dan die opstandings-Sondag!

Petrus kry 'n boodskap van die vroue wat Jesus gaan soek het in sy graf. 'n Boodskap van 'n jongman met 'n lang wit kleed aan!

Mark. 16:7... "sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uitgaan na Galilea.

Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het."

Sy naam word genoem!

Toe Petrus hierdie boodskap hoor het hy opgestaan en na die graf gehardloop. Luk. 12:24

Hy gaan vol verwondering terug huis toe!

En dan moes dit gebeur het.

Jesus verskyn aan Petrus.

'n Ontmoeting tussen die verheerlikte Christus en Simon Petrus 'n gevalle sondaar.

Simon Petrus wat Vrydagoggend vroeg Jesus verloën het, en bitterlik geween het, ontmoet die opgestane Jesus — **die Oorwinnaar.**

Wat met hierdie verskyning van Jesus aan Simon Petrus alles gebeur het, word aan ons nie vertel nie. Ons kan net raai!

Een ding weet ons. Simon Petrus het genade gevind in die oë van die Here Jesus. Sy sonde van verloëning is hom vergewe. Simon, die horende, word Petrus die rots van belydenis.

Petrus word 'n apostel — een wat gestuur word om vir die Here Jesus te werk.

• • • •

Verloën ons die Here Jesus nie ook elke dag nie? Soek sy aangesig in 'n berouvolle belydenis!

Ontvang genade van Hom en word 'n gestuurde van Hom en werk vir Hom!

Ds. L. H. van Schaik

"Salig is die wat nie gesien het nie, en tog glo."

(Joh. 20:29)

Die verskyning van Jesus ná sy opstanding aan die kleingelowige dissipel Thomas, spreek ons op aangrypende wyse aan.

Dit sê vir ons dat die Here Hom in sy genade ook oor twyfelaars ontferm.

Dit bemoedig ons met die wete dat niemand minder nie as 'n eie dissipel van Jesus Christus ook die slagoffer was van twyfelmoedigheid.

Dit troos ons as ons weet dat ons met ons twyfelgedagtes nie alleen is nie.

Mense in die voorste linies van die Christen-strydmag het ook met hierdie probleem geworstel — Thomas was 'n twyfelaar.

En omdat twyfelmoedigheid ook by ons geen onbekende emosie is nie, kan ons ons volkome met die Thomas-figuur identifiseer. Ons ken sy worsteling en onsekerheid en verwarring — die innerlike verskeurdheid en die afbrekende krag van twyfel.

En nou moet ons uit Thomas se optrede en uit Jesus se reaksie daarop, gaan leer en dit moet dien tot ons heil en ons genesing.

Thomas se uitgangspunt was: Sien is glo.

"As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien nie, . . . sal ek nooit glo nie." — só het hy vir die ander dissipels gesê toe hulle die berig bring van Jesus se opstanding.

Die geïnspireerde getuienis van sy mededissipels was vir hom nie genoeg nie.

Die beloftes van Christus was vir hom nie genoeg nie. Die Woord van God was vir hom nie genoeg nie.

Hy wou Jesus met sy eie oë sien voordat hy sou aanvaar dat Hy uit die dood opgestaan het.

Deur sulke bewyse te vra het hy God se Beloftewoord in twyfel getrek en die gesag daarvan ondermyn.

Die les hieruit is dat ons in ons oomblikke van twyfel nie op persoonlike openbarings moet sit en wag nie, maar dat ons God op sy Woord moet aanvaar, en dat die Bybel vir ons genoeg moet wees.

Want deur Sy Woord en Sy Gees wil God die geloof in ons harte werk en die twyfel daaruit weer.

Verder het Thomas hom in sy twyfel onttrek en afgesonder. Hy was nie teenwoordig toe Jesus die eerste keer aan die dissipels verskyn het nie. Hy wou alleen wees met sy vertwyfeling en sy teleurgestelde hoop. En in daardie uitsiglose eensaamheid het sy onsekerheid toegeneem.

En ook hierdie optrede van Thomas is tipies van die moderne twyfelaar — maar dit is geheel en al teenproduktief.

Want in afsondering vind ons geen oplossing vir ons twyfelprobleem nie, maar juis in die gemeenskap van gelowiges, in die kerk, ontvang ons geloofsversterking.

Waar die Woord van die Here verkondig word,

— en waar sy Gees heiligend werk,

— dáár word ons geloof gerig op die lewende Christus,

- en word die twyfel uit ons hart geban.
- En tog, ten spyte van Thomas se vergrype, het Christus hom nie verstoot nie.
- In liefde het Hy hom opgesoek.
- Met ontferming het Hy hom tegemoetgekom.
- Daar was geen verwyte en beskuldigings nie, maar die Here het hierdie kleingelowige dissipel in sy groot barmhartigheid teruggebring.

Daardeur word ons vertroos dat Jesus Christus sy kinders nie loslaat nie — selfs nie as ons twyfel nie.

- Hy het duur vir ons betaal.
- Hy reik ons die hand van sy goddelike liefde.
- Hy verseker ons dat ons aan Hom behoort.

In sy genade sê Hy: "Salig is dié wat nie gesien het nie, en tog glo." Feit van die geloof is dus: Eers GLO en dan sal jy SIEN . En my antwoord daarop moet wees: "Ek glo Here, kom my ongeloof te hulp!"

Ds. Pieter van der Walt

Nog altyd: Vissers van mense.

Een van Christus se laaste verskynings aan die mens op die aarde vind ons in Johannes 21. 'n Paar van die dissipels is by die see van Tiberias. En wat doen hulle? Hulle vang vis.

- terug na die ou paaie
- hulle beoefen weer hul ou beroep: Vissers!

Want ons lees in Matteus 4 dat hulle vissermanne wás . . . manne van die see! En dan roep Jesus hulle tot Woordverkondigers . . . ons lees in Matt. 4:19

"Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Vir 'n paar jaar lei Christus Sy dissipels op . . . leer Hy hulle . . . onderrig Hy hulle . . . maak Hy hulle oog- en oorgetuies van Sy woorde en daede. Want ons moet onthou sodra as Christus hemel toe gaan, moet Sy dissipels die Woord verkondig.

En dan sterf Christus. Hy word begrawe. Na drie dae staan Hy op uit die graf. Sy dissipels het Hom gesien . . . maar Jesus is nie meer by hulle nie.

En dan breek die gebeure van Johannes 21 aan. Petrus — die dissipel van die daad — sê "Ek gaan visvang . . ."

- terug na die ou paaie.
- hulle beoefen hul ou beroep weer, naamlik, visvang.

Heelnag vang hulle niks. Vroeg die môre merk hulle Jesus langs die see . . .

- opnuut verrig Hy 'n wonder
- opnuut onderrig Hy hulle
- opnuut herhaal Hy sy opdrag: Verkondig die Woord.

En dan wys Jesus hulle daarop —

Daar is drie groepe gelowiges:

- **Die lammers van Sy kudde (vers 15):**

Dit is hulle wat nog onvolwasse is in die geloof in Christus . . . hulle wat met baie sorg en liefde geleer moet word. Hulle is die volwassenes van môre in die kerk van die Here.

- **Daar is dié skape in Jesus se kudde wat opgepas moet word (vers 16)**

Hulle wat nie selfstandig kan of wil glo nie . . . hulle wat maklik afdwaal . . . hulle wat mank gaan aan kleingeloof . . . hulle wat lief is om af te dwaal op sondige, wêreldse paaie. Christus se opdrag is: **Pas hulle op.**

- **Dan is daar die skape van die kudde wat self kan wei (vers 17)**

Dis hulle wat deur God se genade vas en onwrikbaar in die geloof is . . . wat hard stry . . . wat leiding kan gee in die kerk.

Van watter groep ek of jy nou ookal mag wees: Die opdrag van Jesus in Joh. 21 is duidelik:

- Verkondig die Woord.
- Wees 'n lig vir Christus
- wees ywerig in jou Kerk!

Is jy getrou aan jou opdrag?

Ds. Nico Ligthelm

Heel laaste . . . ook aan my

"Heel laaste het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn" 1 Kor. 15:8

Daar is iets waaroor Paulus homself deur sy hele lewe verwyd het, en dit was dat hy die Kerk van Christus vervolgd en probeer uitroei het.

Maar al was Paulus hoe ongehoorsaam, het God hom nogtans in genade aangesien — en spesiaal juis aan hom verskyn. Al is Paulus in sy eie oë 'n misgeboorte, en al is hy in sy eie aansien hoe onwaardig, tog het Christus hom uitverkies om sy werktuig te wees. Hy moet die Evangelie aan die heidene gaan verkondig.

DAMASKUS

Paulus is op pad na Damaskus — nogal met volmagbriewe in sy sak om die Kerk daar te gaan vervolgd.

Paulus was 'n streng Jood. Hy ken elke woord in die Ou Testament baie goed.

Hy is ook 'n Fariseër. Hy glo dus dat 'n mens met jou goeie werke jou saligheid by God kan koop. En enige iemand wat durf waag om iets anders as dit te leer moet uit die weg geruim word. Daarvoor het Paulus hom beywer.

Maar toe hy nog dink dat hy teen Christus werk, toe werk hy vir Christus. Net so ywerig as wat hy probeer het om die kerk uit te roei, nog yweriger het hy al sy kragte ingespan om nou die belange van die Koninkryk van God te bevorder.

GENADE

Die genade van God was vir Paulus as Fariseër heeltemal onaanvaarbaar. Maar op die pad na Damaskus wys Christus vir hom dat hy nie sonder God se genade verder kan gaan nie. Hier moes hy leer dat God se genade vir hom genoeg is.

Nadat Christus aan hom verskyn het, het hy heeltemal teen sy eie natuur in, en teen sy eie Fariseïstiese opvatting in, hierdie genade van God vasgegryp en liefgekry.

- Hoe groot 'n mens se sonde en ellende ookal is, God se genade is nog groter as dit.
- Hoe ver 'n mens ookal mag afdwaal, hoe ver 'n mens ookal in die sonde mag val, jy kan nooit só ver val dat jy by God se genade verby sal val nie.

Christus verskyn aan Paulus om sy skeefgetrekte geloof, sy aweregse geloof om te buig tot 'n ware geloof.

UNIEKE VERSKYNINGS

Christus se verskyning aan Paulus is heeltemal anders as sy verskyning aan bv. Petrus en Jakobus en Maria. Aan hulle het Hy verskyn vóórdat Hy opgevaar het na die hemel. Maar aan Paulus verskyn Hy nádat Hy al opgevaar het hemel toe.

Aan Paulus verskyn Hy as die verhoogde en verheerlikte Christus. Op die pad na Damaskus verblind Hy Paulus se vleeslike oog met 'n lig sterker as die glans van die son, sodat hy Christus met sy geestes oog, met sy geloofsoog kan sien — en vir Hom vra: Here, Wie is U? Wat wil U hê moet ek doen?

Al is Christus in die hemel, dan kan Hy nog aan jou verskyn, dan kan jy Hom nog sien — maar nou met die oog van die geloof.

En hoe wonderlik bevoorreg is ons nie, dat ons sy heilswerk duidelik en helder voor ons afgeskilder kan sien?

God verkondig die verlossingswerk van Christus só eenvoudig en bevatlik aan ons dat selfs 'n kind dit kan verstaan!

Elkeen wat 'n Bybel het en dit lees, kan sê: Hy het ook aan my verskyn.

- In sy Woord het Hy vir my vertel hoe lief Hy vir my is.
- In sy Woord sê Hy vir my dat Hy vir ander mense se sondes, gesterf het.
- In sy Woord sê Hy vir my dat Sy genade vir my genoeg is.
- In sy Woord leer Hy my dat ek my saligheid buite myself in Christus moet soek.
- In sy Woord leer Hy my — soos wat Hy dit vir Paulus geleer het -

"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie: Dit is 'n gawe van God." (Ef. 2:8.) .

Ds. A. H. Grove